Personeelkamer Opening

76. Nood en ‘n skaaprib

Hettie en haar man het in Noordwes gewoon. Kort na haar bekering kom kuier haar ouers vir die naweek. Maar, o wee, daar is geen geld vir 'n ekstra vleisie nie... hulle besluit om maar die nawerk te aanvaar soos dit is.

Hulle is egter bly oor die kuiertjie en help bagasie indra. Hettie se man kom van buite af en vra of haar ouers dalk vleis saamgebring het, maar hulle sê hulle het nie. Buite begroet 'n snaakse toneel hulle: hul hond lê op die gras en waak oor 'n koue, vars skaapribbetjie!

Hy raak nie daaraan nie.

Na vele navrae by bure, besluit hul dankbaar om die vleis te hou. Dalk kom iemand later daarvoor soek.

Uiteindelik maak hulle die vleis geurig gaar, en die familie eet heerlik.

'n Dag later kom kuier 'n vrou wat twee straatblokke weg woon. Hettie vertel haar wat gebeur het, en dat hulle so dankbaar was vir die ekstra vleis wat hulle so nodig gehad het vir hulle gaste, en die vrou begin lag.

Dié vrou en haar man het 'n dag of twee voor dit skaap laat slag en die opgesnyde vleis in 'n skottel gepak.

"Gister," sê sy, "het julle hond (wat vroeër aan húlle behoort het) by ons kom kuier. Daarna was die rib skoonveld!"

Sy geniet die getuienis en skenk die rib met liefde aan Hettie.

Daar is net één kinkel in hierdie storie: die hond eet glad nie vleis nie!!!

Maar die Here ken elkeen se behoefte en gebruik soms die mees onwaarskynlikste metodes om vir Sy kinders te voorsien.

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.